NG KERK KUILSRIVIER-DE EIKE

# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 28 SEPTEMBER 2025

## SESTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

## GEMEENTE DAGBOEK

### GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Met Erfenisdag in ons agterkop***
***Bid ons die week vir ons land en ons land se toekoms***

### LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**2 Tim 1:1-14; Klaagl 1:1-6; Klaagl 3:19-26/Ps 137:1-9; Luk 17:5-10; Hab 1:1-4; 2:1-4; Ps 37:1-9**

| | |
|---|---|
| **SONDAG, 28 SEPTEMBER** | |
| | POSDAG<br>BIDDAG VIR DIE BEDIENING AAN DIE JODE<br>DANKBAARHEIDSONDAG |
| 09:00 | Oggenddiens – ds Johan Janse van Rensburg<br>Kleuter- & Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Bediening aan Jode<br>Erediensspan 2 – Elsa Welman |
| | **Na afloop van die oggenddiens** |
| • | Senior Kategese |
| • | Gemeentetee in saal |
| **MAANDAG, 29 SEPTEMBER** | |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 30 SEPTEMBER** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| **WOENSDAG, 1 OKTOBER** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Biduur |

| DONDERDAG, 2 OKTOBER |
|---|
| **Sopbeurte**: Paula Bester, Elmaré Burger, Elba Fourie, Christa Smit, Louis en Esther van Eeden, Erica vd Westhuizen |
| **VRYDAG, 3 OKTOBER** |
| **SKOLE SLUIT** |
| **SATERDAG, 4 OKTOBER** |
| |
| **SONDAG, 5 OKTOBER** |
| SEWENTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD<br>BIDDAG VIR BEJAARDES<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Doop<br>Deuroffer ten bate van: Gemeente eie fondse<br>Erediensspan 3 – Neels Kruger<br><br>**GEEN**<br>• Kleuter- & Kinderkerk<br>• Senior Kategese<br>• Gemeentetee in saal |

# GEMEENTENUUS



1. Kallie Kaltwasser (Koistraat) is tans in die hospitaal.
2. Mirrie Grobler (Othello) het ‘n draai in die hospitaal gemaak.
3. Lienke Nieuwoudt (Minerwastraat), dogter van Jannie en Renita, is verkies tot die Noordsone-span vir Tennis o/11.
4. Gabri en Sanet Spies (Loeloeraaistraat) het ‘n kleindogter ryker geraak.
5. Sias Koen (Swaansingel) se ma het ‘n draai in die hospitaal gemaak.
6. Riëtte Morkel (Uiterwykstraat) ondergaan in die komende en volgende week ‘n prosedure.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



28/09 Tielman Roos, Estelle Hugo, Ettienne Vosloo, Caylem du Plessis, Daniël Gresse, Gerda Nel
29/09 Marja Calitz, Estelle le Roux
30/09 Petra Wickens(80), Ruald Coetzee, Michael Prins, Leah Geyer
01/10 Dihan Vorster, Johan Weber
02/10 Lizaan Maré
03/10 Charl van Zyl, Franja en Leah Hagen, Emrich Westenberg
04/10 Dane Laing, Natasha Smit, José Arendse

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ds Chris is tans met Sabbatsverlof tot 7 Okt 2025.
2. Moedergemeente bied op 3 Oktober 2025 'n Lente-ete aan, sien kennisgewingborde vir meer inligting.
3. Pastorale sorg kurses, 15 Oktober tot 10 Desember 2025, word aangebied by Brackenfell Wes. Sien kennisgewingborde vir meer inligting.
4. Dana de Waal, De Eike se eerste orrelis kuier in Suid Afrika en begelei ons vanoggend op die orrel.
5. Die NG Kerk in SA (Sinode van Wes-Kaapland) het 'n deeltydse pos (50%) beskikbaar in Stellenbosch vir 'n Seminarium Koördineerder. Sien kennisgewingborde vir volledige inligting en aansoekvorm is by die kerkkantoor beskikbaar.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**Bediening aan die Jode**

Bid asseblief vir me Jeanie de Wet wat na Jode uitreik met die Evangelie, asook vir die Messiaans-Joodse gemeente Beit Ariel in Kaapstad. Messiaanse Jode is Jode wat glo dat Jesus die Messias en Here is. Hulle is Christen-Jode. Beit Ariel hou eredienste, vier Joodse feeste en leef hulle geloof uit vanuit die perspektief dat die Messias reeds gekom het en weer kom. Bid ook vir hulle uitreik na Joodse Christene wat nie lidmate van Beit Ariel is nie en na Jode wat nie glo dat Jesus die Messias is nie.

Me Jeanie de Wet **|** 072 408 6458**|** simchaministry@gmail.com

# BEROEPING VAN LERAAR

Tydens die spesiale beroepingsvergadering van 17 September 2025 is ds Adriaan Vogel, tans voltydse leraar van NGK Daniëlskuil, beroep as voltydse leraar na NGK Kuilsrivier-De Eike gemeente.

# SKOOLVERLATERS

Die Jeug Kommissie wil graag vanjaar weer tydens die oggenddiens van 19 Oktober 2025 aan al ons matrikulante 'n geskenkie oorhandig en hulle voorspoed toewens met die naderende eindeksamen.

Ons beskik oor die volgende name van Matrikulante. Indien jy weet van nog lidmate wat vanjaar in Matriek is, laat weet asb die Kerkkantoor teen 13 Oktober 2025, sodat ons hulle ook kan uitnooi na dié geleentheid.

Kuyper Albertyn
Ruald Coetzee
Divan Du Plooy
Barend Geldenhuys
Enrich Koch
Laurence Müller
Ruhan Smuts
Bea Swart
Xandri Westenberg

Marius Coetzee
Jean De Villiers
Rico Esterhuyse
Janno Jonas
Dianke Mulder
Ciska Myburgh
Suné Strydom
Rossouw Swart

# PREEKSKETS - SONDAG

**TEMA – GOD OPENBAAR HOMSELF IN JESUS**



**Prediker**: Ds Johan Janse van Rensburg

**Skriflesing:** Lukas 17:20–21 en Romeine 8:28

Cluedo is 'n speletjie waar jy moet uitvind wie die moord gepleeg het, met watter wapen, en in watter kamer. Dit is 'n speletjie oor leidrade, geheime, raaiwerk en speurwerk. Ons almal hou daarvan om speurders te wees – om leidrade te volg, raaisels op te los en 'n geheim te ontdek. 'n Speurder kyk anders na die wêreld. Speurder leef met 'n nuuskierige oog en 'n fynaanvoeling om te ontdek.

So word ons as gelowiges genooi om speurders van God se Koninkryk te wees. Jesus leer ons in Lukas 17 dat die Koninkryk van God nie met groot tekens en dramatiese vertoon kom nie, maar dat dit reeds hier is – "die Koninkryk van God is binne-in julle." Dit beteken dat ons geroep word om, soos speurders, aandagtig en oplettend te kyk waar God reeds werk.

**1. Die wêreld soek groot tekens – God werk stil en naby**

Die Fariseërs wou weet: “Wanneer?” Hulle wou ’n kalenderdatum hê. Hulle het gedink die Koninkryk sou kom soos ’n politieke rewolusie of ’n dramatiese wonder. Maar Jesus sê: dit werk nie so nie.Die Koninkryk van God word nie in groot koerant opskrifte aangekondig nie. Dit word gebore in ’n stal. Dit word sigbaar in ’n vissersdorp. Dit word verkondig deur ’n timmerman se seun.

’n Speurder van die Koninkryk verstaan dit: ons soek God se teenwoordigheid nie net in die buitengewone nie, maar in die alledaagse.

**2. Die Koninkryk is “binne-in julle”**

Hierdie woorde van Jesus is radikaal. Hy sê nie: “Die Koninkryk lê nog ver vooruit” of “die Koninkryk is daar buite êrens” nie. Hy sê: “Die Koninkryk is binne-in julle.” Dit beteken God se heerskappy begin in mense se harte. Waar Jesus mense se harte verander, waar liefde die plek van haat inneem, waar vergifnis die plek van bitterheid inneem, daar breek die Koninkryk deur.

’n Speurder kyk dus nie net buite en in die wêreld vir tekens nie, maar ook binne: Hoe lyk my eie lewe? Waar het die Here al my hart verander? Waar laat ek Hom toe om nuwe dinge te doen?

**3. Speurders kyk met ander oë**

’n Gewone mens hoor net ’n gebed by ’n siekbed – maar ’n speurder hoor God se teenwoordigheid in die kamer. ’n Gewone mens sien net ’n kerk wat bymekaarkom – maar ’n speurder sien ’n teken dat God sy mense versamel om lig vir die wêreld te wees.

Om ’n speurder van God se Koninkryk te wees, beteken om anders te kyk: nie net met ons menslike oë nie, maar met oë van geloof.

**4. Ons roeping: leef as Koninkryk-speurders**

Jesus se woorde nooi ons om elke dag speurders te wees:
’n Speurder van die Koninkryk vra elke dag: “Here, waar is U besig om te werk? Waar breek U Koninkryk vandag deur?”

